

DIE EERSTE BRIEF AAN DIE THESSALONISENSE

Inleiding

Die *Eerste Brief aan die Thessalonisense* is geskryf teen die einde van 50 nC vanuit Athene of Korinthe, en is waarskynlik die oudste brief van die apostel Paulus waaroor ons beskik. Terselfdertyd is dit een van ons heel vroegste Christelike dokumente.

Alhoewel Silvanus en Timoteus as mede-outeurs aangedui word (1:1), is Paulus duidelik die skrywer en hooffiguur — soos blyk uit sy verwysings na sy aanvanklike prediking en handarbeid in Thessalonika en sy intense betrokkenheid by die welsyn van die gemeente (2:1 — 3:13).

Thessalonika was die hoofstad van die Romeinse provinsie Macedonië, geleë in die noorde van die Balkanskiereiland. Die gemeente het hoofsaaklik uit Grieke bestaan wat uit die heidendom tot die Christelike geloof bekeer is (1:9-10). Die gemeente was nie baie welvarend nie. Paulus het self hard gewerk om in sy lewensonderhoud te voorsien (2:9; vgl Fil 4:16).

Die vyandige optrede van sekere Jode het die apostel en sy medewerkers gedwing om Thessalonika voortydig te verlaat (Hand 17:5-10). Weens kommer oor hierdie jong, onervare gemeente, stuur Paulus vir Timoteus om hulle te besoek en te versterk. Hy keer terug met baie positiewe nuus: Ten spyte van vyandige optrede, bly die gemeente standvastig en het hulle 'n voorbeeld vir hulle hele omgewing geword (1:2-10). Tog is daar ook sekere vrae en probleme. Paulus skryf *1 Thessalonisense* om sy dankbaarheid uit te spreek, maar ook om die gemeente aan te spoor om

te volhard. Kwaadstokers het die integriteit van sy optrede verdag gemaak; daarom beklemtoon hy die onbaatsugtigheid van sy evangelie-arbeid (2:1-12). Teenoor die losse heidense leefwyse in Thessalonika, beklemtoon die apostel die noodsaaklikheid van 'n toegewyde leefstyl (4:1-12). Weens misverstande by sy lesers brei Paulus uit oor sake met betrekking tot die wederkoms (4:13 — 5:11).

Afgesien van die gedeelte oor die wederkoms, is *1 Thessalonisense* gerig op praktiese sake. Die twee belangrikste temas is die noodsaaklikheid van 'n toegewyde en voorbeeldige leefstyl (4:1-12) en die wederkoms (4:13 — 5:11). Trouens, *1 Thessalonisense* is by uitstek die brief waarin Paulus gelowiges van alle tye inlig oor hulle Christelike wederkomsverwagting.

Die boek kan soos volg ingedeel word:

1:1 Brieffaanhef

1:2-10 Danksegging

2:1-20 Paulus se onbaatsugtige arbeid

3 Timoteus se besoek

4:1-12 Aansporing tot 'n toegewyde lewe

4:13-18 Troos ten opsigte van diegene wat gesterf het

5:1-11 Koms van die Here

5:12-22 Laaste vermanings

5:23-27 Afskeidsbede en groete

5:28 Seëngroet

1

¹ Paulus, Silvanus en Timoteus,
aan die •gemeente van die Thessalonisense, in God die Vader en die
Here Jesus •Christus:*

*1:1 Paulus ... Christus: 2 Thess 1:1; Hand 17:1

Genade vir julle en vrede.^a

Danksegging

²⁻³ Ons dank God altyd oor julle almal wanneer ons aan julle dink in ons gebede.* Voor God ons Vader onthou ons onophoudelik die uitwerking van julle geloof, die moeitevolle inspanning van julle liefde en die standvastigheid van julle hoop* op ons Here Jesus Christus. ⁴ Broers,^b julle vir wie God liefhet, ons weet van julle verkiesing, ⁵ want ons evangelie het nie alleen deur die woord nie, maar ook met krag* en deur die Heilige Gees en in volle versekering na julle gekom.

Net so weet julle hoe ons optrede by julle was — tot julle voordeel. ⁶ En julle het ons voorbeeld gevolg* en dié van die Here, nadat julle die woord ten spyte van groot verdrukking met blydschap van die Heilige Gees ontvang het,* ⁷ met die gevolg dat julle 'n voorbeeld vir al die gelowiges in Macedonië^c en Agaje^d geword het. ⁸ Die woord van die Here het immers van julle af nie net in Macedonië en Agaje weerklink nie; julle geloof in God het inderdaad na elke plek versprei.* Gevolglik het ons nie nodig om meer iets daaroor te sê nie. ⁹ Hulle self vertel oor ons van die

^a**1:1 vrede:** Sommige mss voeg hierna in “van God ons Vader en die Here Jesus Christus”. Dit ontbreek in die •bronteks.

* **1:2-3** *Ons dank ... gebede:* Fil 1:3-4; Kol 1:3; 2 Thess 1:11

* **1:2-3** *die uitwerking ... hoop:* 1 Kor 13:13; Kol 1:4-5

^b**1:4 Broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

* **1:5** *ons evangelie ... krag:* 1 Kor 2:4-5; 4:20

* **1:6** *julle het ... gevolg:* 1 Kor 4:16; 2 Thess 3:9

* **1:6** *nadat julle ... ontvang het:* Hand 17:5-9

* **1:7** 1 Pet 5:3

^c**1:7 Macedonië:** 'n Romeinse provinsie in die Balkanskiereiland, noord van •Agaje, met Thessalonika as hoofstad.

^d**1:7 Agaje:** 'n Romeinse provinsie wat uit Sentraal- en Suid-Griekeland bestaan het.

* **1:8** *julle geloof ... versprei:* Rom 1:8

besondere ontvangs wat ons by julle gekry het:

Hoe julle omgedraai het na God,
weg van die afgode,
om die lewende en ware God te dien,*
¹⁰ en om sy Seun wat Hy uit die dode opgewek het,*
uit die hemel te bly verwag* —
Jesus, wat ons red uit die oordeel wat kom.*

2

Paulus se onbaatsugtige arbeid

¹ *Julle weet tog, broers,^e dat ons besoek aan julle nie vergeefs was nie,
² maar alhoewel ons, soos julle weet, vroeër in Filippi gely het en beledig
is,* het ons vrymoedigheid in ons God gehad om julle van God se
evangelie te vertel, al was dit te midde van baie teenstand.* ³ Want ons
pleidooi is nie uit dwaling, nie uit onsuiverheid en nie met bedrog nie,
⁴ maar, soos ons deur God goedgekeur is sodat die evangelie aan ons
toevertrou kon word,* so praat ons ook nie om mense tevrede te stel nie,*

*1:9 *julle omgedraai ... dien*: Hand 14:15

*1:10 *wat Hy ... het*: Hand 17:31

*1:10 *uit ... verwag*: Tit 2:13

*1:10 *Jesus ... kom*: 1 Thess 5:9

*2:1 1 Thess 1:5,9

^e2:1 **broers**: Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit. Dit geld ook vir “broers” in 2:9,14,17.

*2:2 *ons, soos ... beledig is*: Hand 16:19-24

*2:2 *het ons ... teenstand*: Hand 17:1-5

*2:4 *ons deur ... word*: 1 Tim 1:11

*2:4 *so praat ... stel nie*: Gal 1:10

maar God, Hy wat ons harte toets.* ⁵ Want soos julle weet, het ons ons nog nooit met vleierey opgehou nie, en ook nie met valse motiewe van inhaligheid nie* — God is ons getuie!* ⁶ Ook het ons nie die eer van mense gesoek nie, nóg van julle, nóg van ander,* ⁷ alhoewel ons as •apostels van •Christus eise kon stel. Maar ons het teer^f geword in julle midde soos wanneer 'n ma haar eie kinders voed en koester; ⁸ en omdat ons op hierdie wyse na julle verlang,⁸ het ons dit goedge-dink om nie net die evangelie van God aan julle mee te deel nie, maar selfs ook ons eie lewens — omdat julle vir ons geliefd geword het. ⁹ Julle onthou tog ons moeite en harde werk, broers; terwyl ons dag en nag gewerk het sodat ons vir niemand van julle 'n las sou wees nie,* het ons die evangelie van God aan julle verkondig. ¹⁰ Julle is getuies, en ook God, hoe heilig en regverdig en onberispelik ons geword het vir julle wat glo. ¹¹ Net so weet julle ook hoe ons vir elkeen van julle soos 'n pa vir sy eie kinders was, ¹² terwyl ons julle vermaan en bemoedig en aanspoor om 'n lewe te lei wat dié God waardig is* wat julle tot sy koninkryk en heerlikheid geroep het.*

¹³ En daarom dank ons God onophoudelik* dat julle, nadat julle die

*2:4 maar ... toets: Jer 11:20

*2:5 soos ... inhaligheid nie: Hand 20:33; 2 Pet 2:3

*2:5 God ... getuie: 1 Thess 2:10

*2:6 het ons ... ander: Joh 5:41,44

^f2:7 teer: Die Griekse woord wat in die •bronteks gebruik word, is *nēpioi* “babatjies”. Ander mss het *ēpioi* “teer” en dit word gevolg op grond van die konteks.

⁸2:7-8 Maar ons ... verlang: Kan ook vertaal word “Maar ons het teer geword in julle midde. Soos wanneer 'n ma haar eie kinders voed en koester, het ons na julle verlang”.

*2:9 terwyl ... wees nie: Hand 20:34; 1 Kor 4:12

*2:12 om 'n lewe ... waardig is: Ef 4:1; Fil 1:27; 2 Thess 1:5

*2:12 God ... geroep het: 1 Pet 5:10

*2:13 dank ... onophoudelik: 1 Thess 1:2; 2 Thess 2:13

woord van God van ons ontvang het, dit nie as 'n woord van mense aanvaar het nie, maar waarlik as die Woord van God* — dié Woord wat werksaam is in julle wat glo.¹⁴ Want julle, broers, het die voorbeeld gevolg van die •gemeentes van God in Christus Jesus wat in Judea is, omdat julle dieselfde dinge onder julle eie mense gely het* as hulle onder die Judeërs,^h¹⁵ hulle wat die Here Jesus en die profete doodgemaak* en ons ernstig vervolg het, wat God nie tevrede stel nie en vyandig teenoor alle mense is,¹⁶ en wat ons verhinder om met die heidene te praat sodat hulle verlos kan word. So het die Jode se sondes in elke opsig hulle volle maat bereik,* en die oordeel het uiteindelik oor hulle gekom!

¹⁷ Maar, broers, aangesien ons vir 'n kort tydjie van julle geskei is — in persoon, maar nie in ons harte nie — het ons werklik met groot verlange alles in ons vermoë gedoen om julle van aangesig tot aangesig te sien.*

¹⁸ Daarom wou ons na julle kom — ek, Paulus, weer en weer — maar Satanⁱ het ons verhinder.¹⁹ *Want watter hoop of vreugde of kroon van roem, behalwe juis julle, sal daar vir ons by die Here Jesus wees wanneer Hy kom? ²⁰ Want julle is ons eer en vreugde!

***2:13** dit nie as ... God: Gal 1:11-12

***2:14** omdat julle ... gely het: Hand 17:5

^h**2:14 Judeërs:** Word gewoonlik in die NT met “Jode” vertaal, maar verwys hier spesifiek na die inwoners van Judea.

***2:15** hulle ... doodgemaak: Hand 2:23; 7:52

***2:16** So het ... bereik: Gen 15:16; Matt 23:32-33

***2:17** het ons ... sien: 1 Thess 3:10

ⁱ**2:18 Satan:** Die benaming “Satan” is afgelei van 'n Hebreeuse woord wat ‘teenstander’ of ‘aanklaer’ beteken.

***2:19** Fil 2:16; 4:1; 2 Thess 1:4

3

Timoteus se besoek

¹ Daarom, toe ons dit nie langer kon uithou nie, het ons dit goedgevind om alleen in Athene agter te bly* ² en het ons Timoteus gestuur, ons broer en medewerker van God* vir die evangelie van Christus, om julle in julle geloof te versterk en te bemoedig, ³ sodat niemand deur hierdie beproewinge ontstel sal word nie.* Julle weet tog self dat ons daartoe bestem is.* ⁴ Want ook toe ons by julle was, het ons vooraf vir julle gesê dat ons verdruk sal word,* iets wat, soos julle weet, inderdaad gebeur het. ⁵ Daarom het ek ook, toe ek dit nie langer kon verduur nie, vir Timoteus gestuur om vas te stel hoe dit met julle geloof gaan* en of die verleier julle nie miskien verlei het en ons moeitevolle arbeid vergeefs was nie.

⁶ Maar vandat Timoteus van julle af by ons aangekom en die goeie nuus van julle geloof en liefde aan ons oorgedra het* — dat julle deurentyd goeie herinneringe aan ons het en daarna smag om ons te sien, soos ons vir julle — ⁷* is ons, wat julle betref, broers,^j te midde van al ons nood en verdrukking, vertroos deur julle geloof. ⁸ Want nou leef ons, mits julle vas in die Here bly staan. ⁹ Watter dank kan ons immers na behore aan God bring oor julle, vir elke vreugde oor julle wat ons voor ons God het?

***3:1** *het ... bly*: Hand 17:15

***3:2** *Timoteus ... God*: Hand 16:1-3

***3:3** *sodat ... nie*: Ef 3:13

***3:3** *Julle ... is*: 2 Tim 3:12

***3:4** *het ons ... sal word*: Hand 14:22

***3:5** *om vas ... gaan*: Fil 2:16

***3:6** *Timoteus ... oorgedra het*: Hand 18:5

***3:7** 2 Thess 1:4

j3:7 broers: Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit.

¹⁰ Terselfdertyd smeeek ons dag en nag baie ernstig om julle van aangesig tot aangesig te mag sien en om te kan voorsien in wat aan geloof by julle ontbreek.

¹¹ En mag God ons Vader self, en ons Here Jesus ons pad na julle rig; ¹² mag die Here julle liefde vir mekaar en vir almal laat toeneem en oorvloedig maak, soos ons liefde vir julle ook is. ¹³ Mag Hy julle harte versterk, sodat julle met die koms van ons Here Jesus saam met al sy heiliges,^{k*} onberispelik in heiligheid* voor ons God en Vader kan wees. •Amen.

4

Aansporing tot 'n toegewyde lewe

¹ *Verder dan, broers,¹ vra ons julle, en spoor ons julle ter wille van die Here Jesus aan: Julle is deur ons onderrig oor hoe julle moet leef om God te behaag; julle leef inderdaad reeds hiervolgens, maar julle moet nog al hoe meer so leef. ² Julle weet tog watter voorskrifte ons vir julle gegee het deur die Here Jesus. ³ Want dit is God se wil dat julle heilig moet leef * — dat julle julle sal weerhou van onsedelikheid, ⁴ * dat elkeen sal weet

^k**3:13 heiliges:** Mense wat vir die diens van God afgesonder en aan Hom gewy is. Wanneer gelowiges “heiliges” genoem word, verwys dit nie na hulle morele opvattinge of voortreflike eienskappe nie, maar na die werklikheid dat hulle aan God, as die Heilige, behoort.

* **3:13 met die koms ... heiliges:** Sag 14:5; 2 Thess 1:7,10

* **3:13 Mag ... heiligheid:** Fil 1:10

* **4:1** 2 Thess 3:6

¹**4:1 broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit. Dit is ook die geval in 4:10.

* **4:3 Want ... leef:** 1 Thess 5:23; Heb 10:10; 1 Pet 1:16

* **4:4** 1 Kor 6:13,15

hoe om sy eie vrou op 'n heilige en eerbare wyse te verkry,^{m 5} nie uit wellustige begeerte soos die heidene wat God nie ken nie,^{* 6} en dat hy nie sal oortree en sy broer in dié saak bedrieg nie. Want, soos ons tevore vir julle gesê en nadruklik bevestig het, die Here vergeld^{*} al hierdie dinge.

⁷ *God het ons tog nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligheid.

⁸ Daarom dan: die een wat dit verontagsaam, verontagsaam nie 'n mens nie, maar God,^{*} wat sy Heilige Gees aan julle gegee het.^{* 9} *Oor die broederliefdeⁿ is dit nie nodig dat ek vir julle skryf nie, want julle is self deur God geleer^{*} om mekaar lief te hê. ¹⁰ Julle het inderdaad ook al die broers^o in die hele Macedonië^p lief.^{*} Maar ons moedig julle aan, broers, om dit nog meer te doen ¹¹ en dit vir julle 'n saak van eer te maak om rustig te wees, julle met julle eie sake te bemoei en met julle eie hande te werk,^{*} soos ons julle opdrag gegee het. ¹² Sodoende sal julle eerbaar kan leef in die oë van die buitelanders^{*} en van niemand afhanklik wees nie.

^m4:4 *sy ... verkry*: Letterlik 'om jou eie vat te bekom'. Word ook vertaal "om sy eie liggaam te beheer".

^{*} 4:5 *heidene ... ken nie*: Ps 79:6; Jer 10:25

^{*} 4:6 *die Here vergeld*: Ps 94:1; Sir 5:3

^{*} 4:7 2 Thess 2:13-14; 1 Pet 1:15-16

^{*} 4:8 *die een ... God*: Luk 10:16

^{*} 4:8 *God ... gegee het*: Eseg 36:27; 37:14; Rom 5:5; 2 Kor 1:22; Gal 4:6; 1 Joh 3:24

^{*} 4:9 Joh 13:34

ⁿ4:9 *broederliefde*: Dit sluit die liefde vir alle medegelowiges in.

^{*} 4:9 *julle is ... geleer*: Jer 31:33-34

^o4:10 *broers*: Vgl voetnoot in 1 Thess 4:1.

^p4:10 *Macedonië*: 'n Romeinse provinsie in die Balkanskiereiland, noord van •Agaje, met Thessalonika as hoofstad.

^{*} 4:10 *Julle ... lief*: 2 Thess 3:4

^{*} 4:11 *julle met ... werk*: Ef 4:28; 2 Thess 3:8,12

^{*} 4:12 *sal ... buitelanders*: 1 Kor 5:12-13; Kol 4:5

Troos ten opsigte van diegene wat gesterf het

¹³ Broers,^q ons wil nie hê dat julle onkundig moet wees oor diegene wat ontslaap^r het nie, sodat julle nie treur soos die ander mense wat nie hoop het nie.* ¹⁴ Want as ons glo dat Jesus gesterf het en opgestaan het* — God sal ook so diegene wat gesterf het, deur Jesus met Hom saamneem.

¹⁵ Want dít sê ons vir julle deur die woord van die Here:* Ons wat lewe, wat agtergebly het tot die koms van die Here,^{s*} sal beslis nie diegene wat gesterf het, voor wees nie. ¹⁶ Want die Here self sal met 'n luide bevel, met die stem van 'n aartsengel en met 'n trompetgeskal van God, uit die hemel afkom,* en diegene wat in •Christus gesterf het, sal eerste opstaan.*

¹⁷ Daarna sal ons wat lewe en oorgebly het, saam met hulle in die wolke opgeneem word om die Here in die lug te ontmoet. En so sal ons altyd by die Here wees.* ¹⁸ Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.

5

Koms van die Here

¹* Oor die tye en geleentheid, broers,^t is dit nie nodig dat ons aan julle

^q4:13 **Broers:** Vgl voetnoot in 1 Thess 4:1.

^r4:13 **ontslaap:** Tegniese term vir Christene wat sterf.

* 4:13 *die ander ... het nie:* Ef 2:12

* 4:14 *Jesus ... opgestaan het:* Rom 14:9; 1 Kor 15:3-4,12

* 4:15 *Want ... woord van die Here:* 1 Kor 7:10,25

^s4:15 **Here:** Dui hier en ook in 4:16,17 op Jesus Christus.

* 4:15 *Ons wat ... Here:* 1 Kor 15:51

* 4:16 *die Here ... afkom:* 1 Thess 1:10; 2 Thess 1:7

* 4:16 *diegene ... opstaan:* 1 Kor 15:52

* 4:17 *so sal ons ... wees:* Joh 12:26; 17:24

* 5:1 Matt 24:36

^t5:1 **broers:** Volgens destydse opvatting was die susters hierby ingesluit. Dit is ook die geval in 5:4.

skryf nie,² want julle weet self baie goed dat die dag van die Here soos 'n dief in die nag kom.*³ Wanneer hulle sê, “Daar is vrede en veiligheid,”* kom daar skielik vernietiging oor hulle* soos geboortepyne 'n swanger vrou oorval,* en hulle sal beslis nie ontkom nie.⁴ Maar julle, broers, is nie in die duisternis nie, sodat dié dag julle nie soos 'n dief sal oorval nie.⁵ *Julle is immers almal kinders van die lig en kinders van die dag. Ons is nie van die nag of die duisternis nie.⁶ Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar waaksaam en nugter wees!⁷ Want hulle wat slaap, slaap snags en diegene wat hulle dronk drink, doen dit snags.⁸ Laat ons wat van die dag is egter nugter wees, noudat ons die borsplaat van geloof en liefde, en die helm van hoop op verlossing, aangetrek het.*⁹ *Want God het ons nie tot veroordeling bestem nie, maar om deur ons Here Jesus •Christus verlossing te verkry,¹⁰ *Hy wat ter wille van ons gesterf het, sodat ons, of ons wakker is of slaap,^u saam met Hom kan leef.¹¹ Daarom, bemoedig mekaar en laat die een die ander in die geloof opbou,* soos julle inderdaad doen.

*5:2 *die dag ... kom:* Matt 24:42-44; Luk 12:39-40; 2 Pet 3:10; Op 3:3; 16:15

*5:3 *hulle sê ... veiligheid:* Jer 6:14; 8:11; Eseg 13:10

*5:3 *kom ... oor hulle:* Matt 24:39; Luk 21:34-35

*5:3 *soos ... oorval:* Joh 16:21-22

*5:5 Rom 13:12; Ef 5:9

*5:8 *noudat ... aangetrek het:* Jes 59:17; Wys 5:18; Ef 6:14,17

*5:9 1 Thess 1:10; 2 Thess 2:14

*5:10 Rom 14:8-9; 1 Thess 4:14

^u5:10 *wakker ... slaap:* Paulus gebruik hier beeldspraak; “wakker is of slaap” verwys onderskeidelik na die gelowiges wat nog lewe en diegene wat reeds gesterf het.

*5:11 *laat ... opbou:* Jud vs 20

Laaste vermanings

¹²* Maar ons vra julle, broers,^v om respek te betoon aan diegene wat ywerig onder julle werk en julle in die Naam van die Here voorgaan en tereg wys,¹³ en om, op grond van hulle werk, in liefde en met die hoogste agting teenoor hulle op te tree. Leef in vrede met mekaar.¹⁴ En ons moedig julle aan, broers, om die leeglêers aan te spreek;* bemoedig die moedeloses; ondersteun die swakkes; wees geduldig teenoor almal.

¹⁵* Sorg dat niemand kwaad met kwaad vergeld nie, maar streef altyd na wat goed is vir mekaar en vir alle mense.

¹⁶* Wees altyd bly; ¹⁷* bid sonder ophou; ¹⁸ wees in alle omstandighede dankbaar;* want dit is God se wil vir julle in Christus Jesus. ¹⁹* Moenie die Gees blus nie; ²⁰* moenie profesieë geringskat nie, ²¹ maar ondersoek alle dinge,* en behou die goeie; ²²* vermy elke vorm van boosheid.

Afskeidsbede en groete

²³ En mag God self, die God van vrede,* julle in elke opsig heilig maak; en mag julle volledig na gees, siel^w en liggaam vlekkeloos bewaar word

*5:12 1 Kor 16:18; 1 Tim 5:17

^v5:12 *broers*: Vgl voetnoot in 1 Thess 5:1.

*5:14 *En ons ... spreek*: 2 Thess 3:6,11,15

*5:15 Spr 20:22; Rom 12:17; 1 Pet 3:9

*5:16 Fil 4:4

*5:17 Luk 18:1; Rom 12:12; Kol 4:2

*5:18 *wees ... dankbaar*: Ef 5:20

*5:19 Ef 4:30

*5:20 1 Kor 14:1,39

*5:21 *maar ... dinge*: 1 Joh 4:1

*5:22 Job 1:1,8; 2:3

*5:23 *die God van vrede*: Rom 15:33; 2 Thess 3:16

^w5:23 *siel*: Die mens se bewuste, innerlike self. “Gees” dui hier op die menslike gees in sy openheid na God. Saam omvat “gees”, “siel” en “liggaam” ons totale menswees.

tot ons Here Jesus •Christus kom. ²⁴ Hy wat julle roep, is getrou* en sal dit doen.

²⁵ *Broers,^x bid ook vir ons.

²⁶ *Groet al die broers met 'n heilige soen. ²⁷ Ek versoek julle plegtig voor die Here dat hierdie brief aan al die broers voorgelees word.

Seëngroet

²⁸ Die genade van ons Here Jesus •Christus bly met julle.

*5:24 *Hy ... getrou:* 1 Kor 1:9; 2 Thess 3:3

*5:25 2 Thess 3:1

^x5:25 *Broers:* Vgl voetnoot in 1 Thess 5:1.

*5:26 Rom 16:16; 1 Kor 16:20